

### Ekonomieë in 'n flits

Junie 2021

#### Raming 2021:

BBP: 7.2%

Inflasie: 3.6%

#### Raming 2022:

BBP: 4.7%

Inflasie: 2.4%

### VSA

Die Federale Reservewraad (Fed) het 'n meer positiewe ekonomiese aanslag vermeng met strenger toekomstige monetêre beleid. Die ekonomiese groeiverwagting vir 2021 is verhoog tot 7% (6.5% in Maart), persoonlike verbruik-kerninflasie is opwaarts aangepas na 3.4% (2.4% in Maart) en die eerste geraamde verhoging in rentekoerse is vervroeg tot 2023. Die Fed het egter bygevoeg dat rentekoersverhogings eers sal gebeur wanneer volle indiensname aan 'n wye front bereik is en koste-inflasiedruk ervaar word vanaf stygende lone en salaris. Hoewel daar reeds salaris- en loonstygings gebeur, beskou die Fed dit as 'n kortstondige verskynsel. Sommige maatskappye in veral die dienstesektor word tans genoop om salaris te verhoog om werkers te lok wat nie kontakwerk wil doen nie, terwyl baie ouers huis bly om na hul kinders om te sien weens skole wat gesluit is. Intussen het pres. Biden 'n \$ 579 miljard infrastruktuurooreenkoms onderhandel, terwyl die totale federale belegging in infrastruktuur oor 'n tydperk van vyf jaar nagenoeg \$1 triljoen kan wees.

### Eurosone

#### Raming 2021:

BBP: 4.4%

Inflasie: 1.8%

#### Raming 2022:

BBP: 4.8%

Inflasie: 1.2%

### Verenigde Koninkryk

Die jongste notule van die 'Bank of England' (BoE) se monetêre beleidskomitee kan soos in die geval van die Fed as 'goeie nuus en streng' vertolk word, aangesien amper al die ramings hoër as voorheen is. Ekonomiese groei vir 2021 is opwaarts aangepas, VPI gaan na verwagting 'n hoogtepunt van meer as 3% bereik (die inflasieteiken is 2%), terwyl die gemiddelde VPI vir die jaar ook verhoog is. Daarby is indiensneming hoër as verwag vanweë werknekemers wat vinniger as verwag terugkeer werk toe en salaris- en lone is bykans terug op voor COVID-19 vlakke. Die BoE beskou egter die styling in beide ekonomiese groei en VPI as kortstondig, soos in ander lande, omdat dit veroorsaak is deur 'n lae basis en hoë kommoditeitspryse. Laasgenoemde spruit uit uitermatig sterk vraag en 'n tekort aan aanbod weens ontwrigtings in die aanbodketting. Die BoE verwag dat rentekoerse in 2023 sal styg.

### Japan

#### Raming 2021:

BBP: 6.8%

Inflasie: 1.7%

#### Raming 2022:

BBP: 5.6%

Inflasie: 1.8%

#### Raming 2021:

BBP: 1.9%

Inflasie: 0.0%

#### Raming 2022:

BBP: 2.1%

Inflasie: 0.6%

Japan se ekonomiese inkrimping van 3.9% in die eerste kwartaal was minder as die 5.1% van die vierde kwartaal van 2020, wat op 'n ekonomiese herstel dui. Daarby het huishoudings se reële salaris en lone in April teen die vinnigste pas in 'n dekade toegeneem. 'n Vlaag van nuwe infeksies het die regering egter gedwing om ekonomiese beperkings in verskeie areas in die tweede kwartaal in te stel, wat die herstel 'n knou sou gegee het. Die regering het daarom sy siening behou dat sommige sektore van die

Japanese ekonomie steeds baie broos is. In sy maandelikse verslag vir Junie was die kabinet egter meer optimisties oor die ekonomiese vooruitsig te midde van 'n versneling in die pas van inentings. Intussen het die 'Bank of Japan' monetêre beleid onveranderd gelaat en sy vooruitsig vir die ekonomie verbeter op grond van beter as verwagte uitvoer en verbruiksbesteding.

## China

'n Uitbreek van COVID-19 in Yantian, die besigste hawe in China, het tot hernude ontwrigtings in die aanbodketting gelei aangesien skepe die hawe moes vermy. Dit het invoer na China en uitvoer na die res van die wêreld geraak, wat op sy beurt opwaartse druk op kommoditeitspryse geplaas het. Dit volg na 'n toename van 9% op 'n jaargrondslag in Mei se produksieprysindeks (PPI), die vinnigste toename sedert 2008, en weerspieël die effek van hoë kommoditeitspryse op produksiekoste. VPI vir Mei was egter slegs 1.3% hoër, wat daarop dui dat produksiepryse nog nie in 'n sterk mate na verbruikerspryse deurgegee is nie. Sommige aanwysers dui op sterk ekonomiese groei, hoewel dit minder is as ontleders se verwagtings. Kleinhandelverkope was 12.4% hoër in Mei op 'n jaargrondslag en nywerheidsproduksie het met 8.8% gestyg. Beide toenames was egter die stadigste in die afgelope vyf maande.

## Ontluikende markte

Verskeie ontluikende markte se ekonomiese het terugslae beleef in die tweede kwartaal van 2021 ná sterk ekonomiese groeikoerse in die eerste kwartaal. 'n Nuwe vlaag van COVID-19 infeksies het gelei tot nuwe inperkings in 'n aantal lande. In 'n poging om stygende VPI teen te werk, het verskeie sentrale banke rentekoerse gedurende die jaar verhoog. Hierdie tendens is voorgesit in Junie. So is Brasilië se rentekoers met nog 75 basispunte (bp) verhoog, wat die totale styging vir die jaar op 200 bp te staan bring. Rusland se sentrale bank het koerse met nog 50 bp (125 bp vir die jaar) verhoog, terwyl rentekoerse in Meksiko (25 bp), Hongarye (30 bp) en die Tsjeggiese Republiek (25 bp) ook in Junie verhoog is. Ekonomiese beperkings en hoër rentekoerse gaan na verwagting vraag inkort en dit het reeds bygedra tot 'n daling inoliepryse, wat vanaf hul hoogstevlakte sedert 2018 teruggesak het.

**Raming 2021:**  
BBP: 8.3%  
Inflasie: 1.6%  
**Raming 2022:**  
BBP: 6.6%  
Inflasie: 2.1%

## Raming 2021:

BBP: 6.0%

Inflasie: 5.6%

## Raming 2022:

BBP: 5.1%

Inflasie: 5.2%

## Suid-Afrika

Ekonomiese groei vir die derde kwartaal gaan na verwagting effens geknou word ná die regering aangepaste vlak 4-inperkings vir 'n 'aanvanklike' periode van twee weke ingestel het. Die beperkings is die gevolg van 'n skielike skerp styging in COVID-19 gevalle. Vyf uit elke 100 mense het vroeg in Mei positief getoets, en dit het teen die einde van Junie vermeerder na 28. Intussen het toekomstige ekonomiese groeipotensiaal 'n hupstoot gekry met die aankondiging van ekonomiese hervormings deur die regering. So byvoorbeeld is die perk op private maatskappye om self krag te op te wek van 1MW na 100MW verhoog, wat beleggings na die elekrisiteitsektor behoort te lok. Huishoudings het hoër VPI in Mei ervaar (op na 5.2% op 'n jaargrondslag in Mei van 4.4% in April), maar inkomste is besig om te herstel vir dié wat gelukkig genoeg is om 'n werk te hê. Huishoudings se reële besteebare inkomste het in die eerste kwartaal met 5.5% toegeneem van 3.8% in die vierde kwartaal van 2021.

## Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonne Sanisha Packirisamy en Johann van Tonder is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknekmers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek [momentum.co.za](http://momentum.co.za). Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.



# Indekse vir Junie 2021

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
<b>Aandele-indexe</b>									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	-2.43%	0.05%	25.07%	8.09%	9.78%	8.11%	7.39%	7.01%	10.92%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-index (Swix)	-2.79%	-1.83%	21.82%	5.00%	6.63%	5.33%	5.13%	5.84%	10.38%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-index	-3.02%	0.63%	27.60%	4.80%	5.63%	4.32%	4.21%	5.01%	9.78%
FTSE/JSE Top 40-index	-2.56%	-0.84%	22.98%	8.55%	10.54%	8.68%	7.65%	7.03%	10.99%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	-2.58%	5.92%	33.45%	4.97%	4.64%	3.10%	4.39%	5.40%	9.24%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	-1.00%	8.01%	65.15%	4.29%	3.36%	3.16%	3.40%	4.81%	10.11%
FTSE/JSE Hulpbronindex	-6.44%	-4.96%	29.57%	20.85%	25.85%	20.65%	13.45%	6.14%	5.70%
FTSE/JSE Finansiële-index	-3.03%	7.53%	31.28%	-3.15%	0.10%	0.60%	0.03%	2.77%	9.14%
FTSE/JSE Nywerheidsindex	0.38%	0.77%	19.42%	6.17%	6.50%	5.53%	5.86%	6.99%	13.47%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse 40-index (Rafi)	-2.06%	4.20%	32.45%	6.89%	9.86%	8.68%	7.46%	6.18%	9.75%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	-2.21%	4.35%	33.81%	6.83%	9.57%	8.54%	7.18%	6.05%	9.40%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindex (Sapy)	3.37%	12.12%	25.17%	-8.86%	-9.13%	-6.85%	-4.09%	-0.16%	5.08%
<b>Rentedraende-indexe</b>									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	1.09%	6.86%	13.67%	9.24%	9.48%	9.16%	8.50%	8.46%	8.53%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	-0.01%	1.40%	4.94%	8.77%	8.52%	8.52%	8.35%	8.09%	7.72%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-index (Ili)	-1.57%	2.95%	14.79%	4.93%	4.09%	3.20%	4.09%	4.24%	6.42%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.31%	0.92%	4.01%	6.06%	6.37%	6.63%	6.67%	6.61%	6.26%
<b>Kommoditeite</b>									
NewGold Beursverhandelde Fonds	-3.96%	0.15%	-18.89%	13.12%	11.03%	5.01%	9.56%	8.28%	8.99%
Goudprys (in rand)	-3.84%	0.38%	-17.72%	13.23%	11.66%	5.25%	9.94%	8.83%	9.48%
Platinum Beursverhandelde Fonds	-7.03%	-14.02%	5.10%	8.48%	5.42%	0.11%	2.02%	-1.04%	
Platinumprys (in rand)	-5.80%	-10.57%	8.62%	9.45%	6.04%	0.35%	2.60%	-0.46%	-1.58%
<b>Wisselkoersbewegings</b>									
Rand/euro bewegings	0.89%	-2.43%	-13.22%	1.87%	3.16%	0.80%	3.79%	2.17%	5.59%
Rand/dollar bewegings	4.02%	-3.31%	-17.79%	1.34%	2.16%	-0.50%	2.74%	4.30%	7.73%
<b>Inflasie-index</b>									
Verbruikersprysindex (VPI)			5.16%	3.89%	4.01%	4.31%	4.61%	4.60%	5.00%

## Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.